Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

Die O.B.

Jrg. 7 Kaapstad, Woensdag, 14 Julie 1948 No. 34

# „Ondraaglike Las" Wag Belastingbetalers Sê Prov. Rekenmeester

**Die hele opbrengs aan persoonlike belasting sal deur die Kaaplandse Provinsiale Raad jaarliks aangewend moet word as hy maar net wil voorkom dat die reuse-tekort van die Onderwyserspensioenfonds nog groter word. Om die huidige tekort van meer as £10,000,000 uit te wis, sal 'n ondraaglike las op die skouers van die huidige en toekomstige belastingbetalers werp, na Die O.B. meegedeel is deur die hoofrekenmeester van die Provinsiale Administrasie.**

**Soos verlede week in Die O.B. berig is, word niks deur die Provinsiale Raad gedoen om hierdie vraagstuk die hoof te bied nie. In plaas daarvan word ellelange toesprake deur Provinsiale Raadslede gehou oor by voorbeeld die loslating van politieke gevangenes, soos tydens die afgelope sitting geblyk het.**

**Die verslag van die aktuarisse word elke vyf jaar in die Provinsiale Raad ter tafel gelê, maar so weinig word daarvan notisie geneem dat selfs die dagbladpers nog geen berig daaroor geplaas het nie.**

Die huidige krisis in die pensioenfonds is 'n erflating van kortsigtigheid en dateer reeds uit die vorige eeu, na uit 'n onderhoud met die hoofrekenmeester van die administrasie blyk. **Hy het daarop gewys dat die politici reeds teen die einde van die eeu onrustig begin word het oor die vraagstuk toe gerapporteer is dat die fonds bankrot is. „Maar," so is aan Die O.B. verklaar, „selfs later toe dit nodig was vir die volksraad om geld te voorsien om die fonds in staat te stel om sy verpligtings na te kom, is niks gedoen nie."**

Toe die Provinsiale Administrasie ná Unifikasie die fonds oorgeneem het, het hy £13-2-6 ontvang. Die uitgawe van die fonds was toe al by die £6,000 per jaar en die lopende inkomste minder as £2,000. **Nogtans, so is verklaar, lyk dit of ná Unie 'n ware besef van die aktuele**

Verv. op bls. 8 kol. 1.

# Prys Gewen Met 43 Intekenare In O.B.-Wedstryd

**Die intekenaarwedstryd van die O.B. wat op 30 Junie gesluit het, het 'n aansienlike mate van belangstelling geniet en die resultate wat deur die wenners behaal is, toon wat gedoen kan word in hierdie rigting wanneer 'n bietjie moeite gedoen word in belang van die blad. Die eerste prys is gewen deur komdt. D. J. M. Cronje, Rondebos, Heilbron, met die pragtige totaal van 43 nuwe intekenare op sy kerfstok. Hierdie offisier verdien alle lof vir sy ywer.**

Die tweede prys gaan na komdt. E. A. Nel, Wilgenhoutsdrif, oor Upington, met 'n totaal van 25.

Dan is besluint om aan hoofkomdt. I. L. Ferreira, wat as amptenaar van die Beweging nie in aanmerking gekom het vir die wedstryd nie, 'n spesiale prys toe te ken vir die 39 intekenare wat hy in die tydperk ingeskryf het.

Die volgende persone, met die aantal intekenare in hakies, het die vereiste tien gehaal waardeur hulle die blad vir twee jaar gratis sal ontvang:

Komdt. L. J. Crafford, Kanoneiland (13).

F. de G. Henning, Amajuba, Charlestown, Natal (12).

N. J. Uys, Slagrivier, Heidelberg, Kaaplnad (11).

Oudgenl. M. S. F. Grobler, Zeerust (10).

Mev. A. A. Hayward, Allemanskraal, Steytlerville (10).

Ses intekenare en meer is deur die volgende persone gewerf, wat hulle die blad vir een jaar gratis besorg:

S. W. Swart, Lentelus, Barrydale (9).

J. H. Slabbert, Hoofstraat 348, Noorder Paarl (7).

G. B. Geyser, Vlakfontein, P.K. Naboomspruit (7).

F. W. Burnett, Pinelaan 8, Port Elizabeth (7).

R. B. Smith, Posbus 63, Aberdeen (7).

A. H. Stander, Markplein 15, Graaff-Reinet (6).

I. A. van Niekerk, Posbus 57, Kaapmuiden (6).

G. D. van der Smith, Posbus 18, Outjo, S.W.A. (6).

B. M. Gibson, Rietvlei, Marquard (6).

J. M. O'Kennedy, Posbus 54, Bellville (6).


J. H. Coetzee, Gelukshoop, Spes Bona, Vredefort (6).

### OOK IN TOEKOMS

**Die administrasie van Voorslag het besluit om die voorwaarde van gratis blaaie 'n permanente reëling te maak sodat enige persoon in die toekoms wat ses of meer intekenare werf, die blad vir 'n jaar gratis sal ontvang.** Die groot aantal persone wat net die paal gemis het, staan dus nog in die geleentheid om hiervoor in aanmerking te kom sodra hulle die bykomende name stuur.

Die redaksie wil graag almal van harte bedank wat aan die wedstryd deelgeneem het. Veral kom dank toe aan mev. dr. J. S. du Toit van Kaapstad wat £25 beskikbaar gestel het vir propagering van Die O.B., waaruit die pryse dan ook betaal sal word.

# Voëlverskrikker



**Opgestopte voëls word tans deur boere in Brittanje gebruik om hul tuine en gesaaides teen voëls te beskerm en word vir hierdie doel te koop aangebied. Hierdie boer van Gloucestershire het groot sukses met sy opgestopte arend behaal. Dit het die voëls weggehou maar 'n aantal kraaie tot 'n geveg uitgelok soos die nekvere van die arend getuig.**

# Oorlog Woed Opnuut

Na 'n maand van wapenstilstand tussen die Jode en Arabiere in Palestina, het die oorlog sedert die begin van die week weer opnuut begin nadat graaf Bernadotte, bemiddellaar van die V.V.O., nie daarin kon slaag om die vegtende partye met mekaar te versoen nie. Dit wil ook voorkom asof die laaste versoek van Bernadotte, nl. 'n verdere wapenstilstand van tien dae, op dowe ore geval het.

Pogings om die twee volksgroepe met mekaar te versoen, bots elke keer teen die onversetlike eis van die Arabiere dat daar geen Joodse staat gestig mag word nie en teen die Joodse volharding om 'n nasionale tuiste te stig. Graaf Bernadotte het Palestina reeds verlaat.

# STAATSAMPTENARE DEUR SMUTS GE-INTERNEER KRY DALK VERGOEDING

**'n Afgevaardigde van die Bond van Oud-geïnterneerdes en Politieke Gevangenes het die Minister van Justisie, adv. C. R. Swart, onlangs gespreek insake die herstel van beweerde onregte wat sy lede gedurende die oorlog gely het. Die Minister het die afvaardiging ontvang, die Bond, as mondstuk van die geïnterneerdes, amptelike erkenning verleen en beloof om ter gelegenertyd op individuele gevalle in te gaan wanneer die Bond dit amptelik onder sy aandag bring. Die Bond het besluit om geen stappe te doen wat die huidige bewind in verleentheid sal bring nie.**

**Daar is egter etlike honderde Afrikaners wat meen dat hulle deur die vorige regering wederregtelik agter die doringdraad gestop is. Die vertoë van sodanige oud-geïnterneerdes wat voel dat hulle op valse verklarings opgesluit is, moet in die eerste plek aan die sekretaris van die Bond gerig word. Hy is mnr. O. L. Nel, Middleton, Greytown, Natal, wat die saak dan verder by die regering aanhangig sal maak, na Dagbreek berig.**

**Die regering sal, na verneem word, gevra word om aandag te skenk aan eise van staatsamptenare, persone in die polisiediens, lede van die gevangeniswese en spoorwegamptenare wat beweer dat hulle wederregtelik behandel is.**

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

# Hoeveel Het U Gewerf?

**Gedurende die eerste agt dae van hierdie maand het die administrasie van Die O.B. die name van meer as 50 nuwe intekenare op ons blad ontvang. Hierdie intekenare is deur offisiere en lede van die Ossewabrandwag gewerf wie die saak van die O.B. op die hart dra.**

**As elke lid en offisier van die O.B. in sy eie area 'n paar intekenare werf sodat die eenheidsgedagte van die O.B., waarvoor die volk ryp is, ingang vind, sal die intekenaars van ons blad met baie duisende vermeerder. Volg die voorbeeld van ander Brandwagte en stuur die name van nuwe intekenare aan Posbus 1411, Kaapstad.**

# Sal Invoer Nog Inkort

Brittanje sal waarskynlik sy invoer uit die buiteland nog meer moet inkort, het die Britse minister van finansies verklaar. Hy het gesê dat nieteenstaande Brittanje se uitvoer en produksie met 135 persent sedert die dae voor die oorlog vermeerder het Brittanje se invoer sy uitvoer gedurende die eerste ses maande van die jaar met £250,000,000 oortref het.

# O.B.-Standpunt In Nederland

**Om die standpunt van die Ossewabrandwag in Nederland te propageer, het mev. S. Crawford van Beaufort-Wes onderneem om 'n jaar lank verantwoordelik te wees vir die intekengeld op twee eksemplare van die O.B. wat weekliks na Nederland gestuur sal word. Dit is in antwoord op die oproep van mnr. Dion Kempff (tans in Nederland) dat Brandwagte moet help om die buitewêreld in te lig oor die Ossewabrandwag. Bydraes sal in Die O.B. erken word. Mev. Crawford het reeds £1-5s. vir hierdie doel gestuur. Wie volg?**



## Elke Sigaret 'n Meesterstuk

Rembrandt is 'n mengsel van ryk beleë Virginiese Tabak; gewaarborg 100% suiwer, Eerstegraadse Blaar.




Rembrandt

**Rooi vir kurk. Groen vir ongekurk.**

DIE SIGARET WAT U ALTOOS GRAAG WOU ROOK!

*ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS*

## DIE KOPERSBOND BPK.

GROOTHANDELAARS

**KEEROMSTRAAT 52 - KAAPSTAD**

**FOON 3-0423** **POSBUS 2120**

***DAMESROKSTOWWE:***

Ons bied aan 'n groot verskeidenheid van damesrokstowwe (Morokyn, Satyn, Gesponne stowwe, Katoenstowwe), rokke, gebleikte en ongebleikte linne, gordynstowwe, onderklere, kouse, pantoffels, kindersokkies, kramerye, ens., ens.

***HEMDE:***

Verder ook mans wit en gestreepte hemde, sporthemde, dasse, baadjies, onderklere, werksbroeke, kakiehemde, slaappakke, sokkies, ens., ens.

●

**Dit sal kleinhandelaars betaal om met ons in verbinding te tree, hetsy deur kontak met ons reisigers of andersins. Persoonlike besoeke sal op prys gestel word**

*Die Firma wie se voorrade nie op u rakke bly lê nie.*

**Verspreiders van TOOTAL fabrikate**


# GODSDIENSTIGE LEWE HET IN KAMP FLOREER

**Die hoogstaande gehalte van die godsdienstige en geestelike lewe in die interneringskamp te Koffiefontein waar honderde Afrikaners gedurende die afgelope oorlog beland het omdat hulle „deur die staat as gevaarlik vir die oorlogspoging, buitekant die draadkamp, bestempel is," word beskryf deur ds. J. J. Fick, 'n oud-geïnterneerde, in 'n artikel wat in Die Kerkbode verskyn het.**

Ds. Fick vertel van sy persoonlike indrukke in die kamp soos hy dit self in die Boerekamp vanaf 10 Oktober 1941 tot middel Desember 1942 ondervind het, en haal ook aan uit die getuienis van kampmaats wat voor hom in Ganspan was.

Behalwe eerwaarde M. S. F. Grobler wat 'n kort tyd aan die begin van die oorlog in Ganspan geïnterneer was, was ds. Fick die eerste predikant wat in die kamp beland het. Na hom het ook ds. D. C. S. van der Merwe van die Geref. Kerk daar beland.

In Ganspan is die erediens Sondae, soggens en saans waargeneem. „Watter onvergeetlike dienste vir predikant en gemeente," skryf ds. Fick. „Wagte wat bespied en afluister wat daar alles gedoen en gesê word. Kampgenote wat met geboë hoofde op hul selfgemaakte stoeltjies, ernstig en meesal met weemoedige gesigsuitdrukking, sit en luister na die verkondiging van die ewige Woord. Af en toe 'n sug en dan weer hartlike samesang......"

### VERPLAAS

„Toe breek 6 Desember 1941 aan, die dag waarop ons op onvergeetlike wyse na Koffiefontein se kamp feitlik aangekarwei is. Sonder om besonderhede te vermeld, kan ek slegs sê dat 'n sug van dankbaarheid by ons uiteindelike aankoms daar aan die hart ontsnap het. Met 'n skeptiese blik en aanmerking neem ons intrek in die bliktempels, terwyl by almal die vraag kriewel: Waarom moes ons so skielik hierheen vertrek het? 'n Antwoord was heel spoedig daarna vir almal duidelik, naamlik dat o.a. 'n groter kamp nodig was vir ons en die meer as driehonderd Boere wat kort daarna in een enkele week geïnterneer is — speurders, polisiebeamptes en tronkbewaarders wat deur die staat as gevaarlik vir die oorlogspoging, buitekant die draadkamp, bestempel is.

„Nou het „die gemeente" vinnig uitgebrei! Geen geïnterneerde sal die pyn in die binneste vergeet, waarmee hy moes aanskou hoe 'n paar honderd nuwelinge op 'n keer die kamp binnegemarsjeer gekom het nie.

„Dadelik is die manne bymekaar geroep om onderkant 'n hoë grondwal na die troosryke en sielverkwikkende woorde van Romeine agt te luister.

### ORRELIS EN KOSTER

„Van nou af word daar, behalwe die twee eredienste op die Rusdag, ook Woensdagaande 'n algemene godsdiensoefening in die sink-eetsaal gehou. Oom Stephen Eyssen lewer voortaan onskatbare waardevolle dienste as beselende en gevierde orrelis. Die instrument wat hy bespeel, is egter nie 'n imponerende elektriese pyporrel nie, maar 'n sogenaamde klavier, sat van gryse jare en skor van stem.

„In sy hoedanigheid as koster kon niemand seker waardiger diens verrig het as Neef Chris Klopper nie, wat op 'n groot ou ysterpot wat daar verdwaald gelê het, net so goed as enige volbloed-kerkkoster met 'n stuk yster 'n opwekkende klokgeskal op 'n volmaakte kom-sondaarstempo uitgemoker het. Spoedig was daar ook 'n soort kateder aanmekaar getimmer om as kansel te dien, nogal uit hout wat deur 'n paar pligsgetroue lede van die gemeente onder aanvoering van 'n roepingbewuste diaken so hier en daar van van die bliktempels se binnewerk vir die goeie doel onopsigtelik weggebreek is!

### HUISBESOEK

„Die predikant was natuurlik ook vir huisbesoek verantwoordelik, en hoe uiters welkom is hy nie in die verskillende hutte ontvang nie! Gewoonlik het dit saans plaasgevind, wanneer die kêrels in 'n gesellige luim was en openhartig hul geestelike moeilikhede en probleme bespreek het. Ongeveer 'n halfuur voordat die ligte afgeskakel word, bring iemand dan eers die Bybel nader vir die huisgodsdiens, waarna elkeen met sy eie gedagtes probeer om so gou moontlik die werklikheid te vergeet op droomland se dwaalweë van vredige onbewustheid.

**Huisgodsdiens is, op die hoogste uitsonderings na, in al die hutte waargeneem, en van die huisvader is verwag om toe te sien dat hierdie geseënde tradisie van ons volk in sy hut in ere gehou word. Dit sal steeds een van my aangenaamste herinnerings bly, hoedat gedurende die tyd van stilte wat deur die kampleier, dr. Trümpelmann, vir huisgodsdiens in die kamp gelas is, verskeie psalm- of gesangverse tegelykertyd van verskillende kante uit die monde van gespierde en songebrande vaders en seuns van ons volk opgeklink het.** En as jy sou staan en luister na die voorganger se gebed, dan was dit meestal 'n eg-persoonlike smeking om vryheid en geregtigheid vir die enkeling en die nasie, 'n bede om volkseenheid, 'n versugting dat God 'n verdieping in die geestelike lewe mag skenk en... die roerende gebed om die genadige bystand van die Here vir vrou en kind en ander dierbares aan wie verlangend gedink is en wat soms in groot nood sonder die broodwinner verkeer het.

### DIE BOEREKERK

„Uiters interessant was dit om in die kamp lede van die Ned. Geref. Kerk, die Geref. Kerk, die Ned. Herv. Kerk en die Lutherse Kerk saam te organiseer as lede van die „Die Boerekerk". Onder hierdie naam het ons ons kerklik gelukkig saamgesnoer en 'n loflike eenheid en samewerking gevind. Die geïnterneerde wat buitekant die kamp in een van die genoemde Kerke as Kerkraadslid gedien het, moes in die Boerekerk sonder keuse dieselfde amp vervul, hoewel die so ontstane Kerkraad weens die unieke aard van die kamplewe en die betreklike hoogstaande dissipline maar selde nodig gehad het om te vergader. Enkele ouderlinge moes die predikant bystaan met die aanneming van katkisante en diakens het steeds toegesien dat die saal vir die eredienste in orde gebring is."

### VERSTERKING

Later is wyle ds. D. Botha van Koffiefontein aangestel as kampkapelaan en het hy gereeld dienste in die kamp gehou. Toe ds. D. C. S. van der Merwe van die Gereformeerde Kerk geïnterneer is, het hy saam met ds. Fick die geestelike lewe in die kamp behartig.

Daar is ook nagmaal in die kamp gevier, jong manne aangeneem as lidmate van die Kerk en elkeen van die belydende lidmate het 'n aandenkingskaart ontvang wat in die kamp gemaak is.

Ds. Fick skryf ten slotte met verwysing na die ellende van kamplewe: „As al hierdie buitengewone omstandighede in aanmerking geneem word, bly dit vir my 'n wonder dat die kamplewe deur 'n betreklike hoë peil van sedelike en godsdienstige stabiliteit gekenmerk was." Die kerklike bywoning was ook buitengewoon hoog.

# DUITSE EENHEID NOU WEER GOEIE NUUS

**Die Engelse pers kan dees dae onder die skaduwee van Russiese uitdagings nouliks 'n juigkreet onderdruk by die ontdekking van die een of ander vorm van Duitse eenheid — iets wat hulle 'n kort tydjie gelede nog met alle geweld wou vernietig, en waarvoor Britse staatsmanne die hulp van kameraad Stalin tot aan die Elbe ingeroep het.**

'n Korrespondent van die Cape Times maak met geesdrif melding van blyke van Duitse eenheid in 'n berig oor die stryd om Berlyn. Hy berig as volg: „Die jongste vergaderings van die Sosiaal-demokrate wat hulle beroep op die reg om hulself te organiseer as die spreekbuise vir 'n verenigde Berlyn, is nie net deur die grootste skares sedert die dae van Göbels bygewoon nie, maar het ook aansienlike aanklank in ander dele van Duitsland gevind. Een dag se voedselrantsoen van Bisonië (die verenigde Amerikaanse en Britse besettingsgebied) en 10,000 ton steenkool van Noord-Wesphalië — gratis is aan die inwoners van Berlyn deur hul volksgenote geskenk. Spoorwegmanne hier het aangebied om Sokolovsky se stukkende treinspore verniet heel te maak. Hierdie voorbeelde van solidariteit is nuut en betekenisvol."

### £30,000 PER DAG

Volgens berig word, het die voedselvoorsiening deur die lug Brittanje verlede week £30,000 per dag gekos, en die koste het nog steeds gestyg namate meer vliegtuie in die stryd gewerp word. Die Britse minister het verlede week verklaar dat dit nog nie 'n uitgemaakte saak is wie hierdie onkoste moet dra nie — die Duitsers of die Britte. Vir die gewone water- en treinvervoer, wat deur die Russe tot stilstand gebring is, moes die Duitsers betaal het.

Indien die Duitsers moet betaal, spreek dit vanself dat dit 'n uiters onbillike reëling is, want die toestand is die gevolg van die kortsigtige staatsmanskap van die Geallieerdes te Potsdam.

DIE O.B.-LEIERS

# WAS BRITSE LOOTS MAAR HET WAARHEID ONTDEK

**Genl. C. A. Pienaar, Gebiedsleier van die Ossewabrandwag in Natal, is een van die sterk ankers van die O.B. in daardie Britsgesinde provinsie waar die Afrikaners nou stadig maar seker besig is om vestings te verower. Genl. Pienaar het 'n avontuurlike lewe agter die rug. In sy jeugjare is aan hom voorgehou dat alles in die lewe van die Afrikaner slegs sy hoogtepunt bereik as dit in diens van die Britse kroon is. Later het hy egter agter gekom wat die werklike toedrag van sake is. Hy het ook van 1934 af aktief deelgeneem aan die partypolitiek, maar sedert 1940 daarmee uitgeskei.**

Genl. Pienaar is die seun van ds. P. J. Pienaar en is in 1899 — die jaar van die uitbreek van die Engelse oorlog te Somerset-Wes gebore. Nadat hy sy matrikulasie-eksamen afgelê het, het hy in 1917 aangesluit as leerling-loods by die destydse Royal Flying Corps. Eers was hy in Durban gestasioneer maar later is hy na Indië gestuur vir verdere opleiding vanwaar hy weer na Egipte verplaas is.

Nadat hy sy kursus voltooi het, is hy as skoutloods na die Nabye Ooste, Italië, Frankryk en Engeland gestuur vanwaar hy ses maande later na Suid-Afrika gerepatrieer is.

TREKKERGEES

Die „Wanderlust" het genl. Pienaar egter rond gejaag en skaars was hy 'n jaar in Suid-Afrika of hy aanvaar 'n betrekking as onderbestuurder van 'n papiermaatskappy in Portugees-Oos-Afrika. Gedurende hierdie tyd, so vertel genl. Pienaar, het hy maar min papier gemaak, heelwat wild geskiet en baie malaria opgedoen. Na agtien maande in die vreemde is hy weer terug na die Unie. Hy is in 1923 getroud.

BRITSE DIENS

Genl. Pienaar vertel: „Opgevoed met die leuse dat alles in die lewe van die Afrikaner sy klimaks vind slegs in diens van die Britse kroon, voel ek vandag nog bly dat ek minstens die moed van my aangeleerde oortuiging gehad het en dat ek gereed was om die hoogste offer te bring. **Ek was nie lank in die militêre diens nie of ek het besef dat ek gebruik word as pion tot bevordering van Empire-belange. Die besef is aangewakker deur my daaglikse botsing met die Britse uitkyk op sake".**

PARTYLEIER

In 1934 het genl. Pienaar aktief begin deelneem aan die politiek en in 1938 is hy benoem as kandidaat van die Nasionale Party en onder-leier van die party in Natal. Hy het ook drie jaar lank gedien op die Federale Raad van die party.

„Met hereniging het ek so onder die besef gekom van die selfsug en volksuitbuiting van die partypolitici dat ek my onttrek het aan die partypolitiek en besluit het om my gewig in te gooi by die O.B. waarvan ek lid is sedert Oktober 1939," aldus genl. Pienaar. Teen die einde van 1940 is hy aangestel as generaal en na die inhegtenisname van genl. O. L. Nel, is hy deur die K.G. aangestel as Gebiedsleier van Gebied D, 'n pos wat genl. Pienaar tans nog beklee.

„DIE BESTE"

**„Wat my betref was die stryd van die afgelope nege jaar die beste in my lewe, en die opoffering en diens klein in vergelyking met die liefde, getrouheid en kameraadskap wat ek, soos soveel duisende ander O.B.'s so kennelik ondervind het.**

**„Uit die kontakte wat ek onder alle lae van die bevolking besit, in die landbou, politieke en sosiale kringe, spruit die oortuiging dat die oorwinning van die O.B.-gedagte nog nooit**



Genl. C. A. Pienaar

**so na aan verwesenliking was soos juis nou nie. Ons moet slegs brandwag staan en handhaaf wat ons gewen het."**

EENHEIDSFRONT

„Die partypolitiek het nog altyd getoon dat hy nie by magte is om nasionale probleme op te los nie," verklaar genl. Pienaar. **„Die ontnugtering is naby en die aanvaarding van die O.B.-gedagte met sy breë begrip van 'n blanke nasionale eenheidsfront as bolwerk teen bedreigings, en waaragtige demokratiese verteenwoordiging deur die berope wat die werklike gesag dra, word van dag tot dag meer gewild.**

ONS TAAK

„Daar bly egter 'n persoonlike plig oor vir elke individu in die O.B. wat sy beroep ook al mag wees. Elke O.B.-lid moet sorg dat hy of sy ingeskakel word in die eenheid wat gesag dra in die bestuur van sy of haar groep. Die O.B.-metode van oplossing van probleme moet ingedra word in alle vertakkings van die blanke volkslewe, gedurig moet gewys word op die onvermoë van enige partystelsel om ooit die hoof te kan bied teen 'n front wat internasionaal verenig is.

Vervolg in volgende kol.

Vervolg van vorige kol.

Nooit, kameraad, mag u 'n geleentheid mis waar u die O.B.-gedagte kan verduidelik, en/of stel as oplossing van die sintetiese volksverdeling, wat tot voordeel en voortbestaan van die partystelsel is, en dreig om die hele blanke samelewing alhier te vernietig.

**Dit** is my taak, dit is ook u taak soos ek dit sien. Skakel in by u vereniging, u bond, u unie of ko-operasie, wat dit ook al mag wees, sorg dat u geleentheid het om O.B.-ideologie voort te plant. Die tyd snel nader wanneer ons geroep sal word om leiding te gee in die rigting wat lank reeds neergelê is as O.B.-beleid. Sorg dat u gereed is as die tyd aanbreek," aldus genl. Pienaar.

BOERELEIER

Sedert 1921 het genl. Pienaar hom besonder beywer vir die ko-operatiewe stelsel. Hy is vandag lid van vyf ko-operatiewe maatskappye, asook onderpresident van die Natalse Landbou-unie, lid van die uitvoerende raad van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie en lid van die Adviserende Raad van die Minister van Landbou.

# Indiërs Koop Nog Baie Eiendomme In Skiereiland

**Nie minder nie as 78 vaste eiendomme in Kaapstad en omstreke wat geslagte lank die eiendom van blankes was, het gedurende die eerste vyf maande van die jaar in die hande van Indiërs oorgegaan, volgens syfers wat die streeks-aktekantoor in Kaapstad verstrek het.**

Dit blyk dat Indiërs nog steeds besig is om vaste eiendomme op te koop. Daar word maandeliks altesaam ongeveer 55 Indier-transaksies in die Kaapstadse kantoor gergistreer en gedurende Januarie, Februarie, Maart, April en Mei was die aantal waardeur blankes hul eiendomme aan Indiërs oorgedra het onderskeidelik 13, 15, 22, 15 en 13. Dit bedra etlike tienduisende ponde. Die syfers vir Junie is nog nie beskikbaar nie.

In die vyf maande het die Indiërs vaste eiendomme ter waarde van £335,740 aangekoop. Dit sluit die transaksies tussen Indiërs en Indiërs in. Vir Meimaand alleen bedra dit meer as £90,000.

'n Groot persentasie van die aankope het in blanke gebiede soos Rondebosch, Landsdowne en Maitland geskied.

## Israel Moet Neutraal Bly

Op die Joodse wêreldkongres wat te Montreux plaasgevind het, is die gedagte na vore gebring dat die staat Israel in Palestina 'n neutrale houding in die Midde-Ooste moet inneem soos wat Switserland in Europa doen. Hoewel baie afgevaardigdes daarvoor te vinde was, is die voorstel nie in 'n besluit vasgelê nie.

## Kan nie Sonder Hulp Bestaan

Feite bewys dat Brittanje nie sy huidige lewenspeil of sy huidige produksiestandaard kan handhaaf nie tensy hy 'n deel van die hulp van buite wat die V.S.A. vir Europa aanbied kan bekom, het die Britse minister van Finansies verlede week verklaar.

Die minister het aangekondig dat die Britse goud- en dollarreserwes tans op £473,000,000 staan. Hierby is ingesluit die £22,000,000 wat Brittanje reeds onder die Marshall-plan ontvang het.

# 1600 Leerkragte Trek Salarisse Plus Pensioene


**Meer as 700 onderwysers en 900 onderwyseresse in Kaapland wat reeds die pensioenouderdom bereik het, maar daarna weer begin skoolhou het en in die meeste gevalle die salarisse ontvang waarvoor die poste geadverteer was tesame met hul pensioene, is besig om die fondse van die administrasie uit te put.**

Hierdie onhoudbare toestand wat nog nooit voorheen so 'n geweldige omvang aangeneem het nie, is die gevolg van die tekort aan onderwysers sodat groot getalle onderwysers — en veral onderwyseresse — ná hul pensioenaftrede weer begin skoolhou. Die salarisse wat hulle dan ontvang is oor die algemeen baie hoër as wat betaal sou gewees het vir jonger leerkragte.

Die Administrasie self was nie bewus dat hierdie praktyk reeds so 'n omvang aangeneem het nie. Daar is egter nou begin om die Administrasie ten opsigte van die gewone leerkragte en dié wat reeds afgetree het maar weer skoolhou van mekaar te skei. **Die ondersoek in hierdie verband is nog maar half voltooi en die getal staan reeds op 1,600. Volgens berekening beloop die ekstra uitgawe, wat die gevolg is van die onderwystekort maandeliks duisende ponde.**

Hoe om van hierdie ekstra las ontslae te raak is die probleem waarmee die verantwoordelikes hulle tans besig hou. Al oplossing skyn te wees om meer persone na die onderwysberoep te trek sodat dit nie meer nodig sal wees om gepensioneerdes aan te stel nie.


Slegs £20 bring u die



KLEINE WONDER

SEMENT-STEENMAAKMASJIEN


Maak volkome reghoekige, welgevormde sementstene op die plek waar u hulle nodig het. U sal tyd en geld spaar in vervoer, messel en pleister. Vier arbeiders kan 4,000 stene per dag maak. Die „KLEINE WONDER" kos slegs £20 v.o.s. Hopefield. Die onderstel kos £10 ekstra, maar enige stewige stellasie is vir hierdie doel geskik.

J. H. BUHR Voortrekkerstraat - Hopefield
Posbus 18 Telegramme: „BUHR"



Is Medisyne Noodsaaklik?

*Die Natuurwetenskap sê nee!*



Die Bron van Siekte

BEKAMP SIEKTE MET DIE JONGSTE WETENSKAPLIKE METODES
Met Verbasende Uitslae
GEEN MEDISYNE!
GEEN OEFENINGE!

Die Hardnekkigste Kwale swig

Die wetenskap het nou uitgevind dat sodra 'n besmette liggaamsdeel skoongemaak word van sy gif of onsuiwerhede, die siekte verdwyn. Deur die toepassing van ons wetenskaplike metodes het dit nou 'n maklike taak geword.

Dit maak nie saak hoe ernstig of aanhoudend u kwaal is nie — selfs al is dit as chronies of ongeneeslik bestempel. Daar is hoop vir u. Geen medisyne of oefeninge benodig nie. U sal onder geen verpligting staan nie. Skryf aan ons en verstrek volledige besonderhede in verband met u kwaal.

THE SCIENTIFIC HEALTH INSTITUTE
Posbus 1336 — KAAPSTAD

DIE O.B., WOENSDAG, 14 JULIE 1948

# SKAF DIT AF

In ons vorige uitgawe het 'n berig verskyn van die pensioenfonds van Kaaplandse onderwysers waaromtrent die provinsiale aktuaris rapporteer dat daar 'n tekort van £10 miljoen bestaan. Dit beteken dat die Administrasie op een of ander stadium in die toekoms £10 miljoen sal moet vind om die pensioene aan onderwysers te kan betaal, en hierdie bedrag word elke jaar nog groter.

Sedert 1925 is die pensioenfonds elke vyf jaar voor die aktuarisse gelê vir advies. Jaar na jaar is 'n gelykluidende verslag uitgebring met sekere aanbevelings, maar sover vasgestel kan word, is nog nie die minste uitvoering daaraan gegee nie. Dit word blykbaar as 'n blote roetinesaak behandel waarmee die Provinsiale Raad weinig uit te waai het.

Die Kaaplandse provinsiale inkomste is tans in die omgewing van £15 miljoen, sodat die tekort van die pensioenfonds vir onderwysers — maar een afdeling van die raad se arbeidsveld — reeds tweederdes bedra van die totale inkomste. Nogtans geniet hierdie sware verpligting nie die aandag van die Provinsiale Raad nie.

**DIE REDE**

Vir hierdie gebrek aan belangstelling moet daar 'n rede wees. Die provinsiale rade is met sekere gesag ten opsigte van bepaalde aangeleenthede beklee, waarvan onderwys, gesondheid en paaie die belangrikste is. **Dit is alles sake wat nie veel te doen het met die groot politieke vraagstukke waaroor daar tussen die partye in die parlement tougetrek word nie. Nogtans vind ons presies dieselfde partypolitieke indeling in die provinsiale rade. Lede van hierdie liggaam word nie gekies weens hul kennis van onderwys- of gesondheidsake nie, dog op grond van hul politieke trou jeens die een of ander party wat van die ander verskil oor republikanisme, segregasie, deelname aan buitelandse oorloë of wat ook al op die een of ander tydstip die swaarste op die volksgemoed druk.** Die provinsiale rade is dus niks anders nie as miniatuur-parlementjies waar die kunsmatig-aangedikte verskille oor landspolitiek die aandag aftrek van die werklike taak waarmee daardie liggaam belas is. **Dit is dan ook daarom dat hierdie liggaam wanneer hy in sitting is, soos nog 'n paar weke gelede, hom nie verontrus oor die verpligtinge wat hy teenoor onderwysers ten opsigte van hul oudag het nie, maar daglange debatte hou oor die loslating van politieke gevangenes — sake waarmee hy in die verste verte niks te doen het nie.** Dit is by sulke geleenthede wanneer die ondoeltreffendheid van die huidige provinsiale stelsel van die dakke af skreeu.

**ONREGVERDIG**

Afgesien van die gebrek aan belangstelling by die provinsiale rade vir die dinge waarvoor dit in die lewe geroep is, is dit ook nog 'n baie onregverdige toestand dat een deel van die volk wat toevallig meer suid as die ander woon, buite verhouding swaar, in vergelyking met die res van die volk, belas moet word vir 'n paar openbare dienste wat tot vier afsonderlike dele versnipper is bloot om historiese redes. Nie alleen moet die Kaaplander veel meer aan belasting bybring as by voorbeeld sy Transvaalse burger nie, maar hy sit vandag met verpligtinge in die skoot wat hy te wyte het aan die gebrek aan insig by die politici wat vir sy bestuur verantwoordelik was. Die volk het reg om te eis dat indien partypolitiek die maatstaf moet wees vir die bestuur van onderwys en hospitale, dit dan onder die Unie-parlement moet val, **dan kan ten minste die hele volk aanspreeklik gehou word vir die dwaashede wat in naam van politieke partye aangevang word en nie diegene wat verplig is om op Uniale Partylyne sy provinsiale bestuursliggame te kies nie.**

# Ons Verdediging

Dit wil voorkom of die Minister van Verdediging van voorneme is om ons verdedigingstelsel op 'n eg Suid-Afrikaanse grondslag te plaas. Ons wil hoop dat hy hom in dié voorneme nie van stryk sal laat bring deur die woede van diegene vir wie daar ten opsigte van alles net 'n Britse tradisie bestaan nie.

Die Afrikaanse militêre tradisie is een van die skitterendste in die wêreld, maar ten spyte daarvan is vir 'n halwe eeu lank van Britse kant alles in werking gestel om hierdie tradisie te vervang deur die Tommie-tradisie van die Britse leër. Tot so 'n mate was dit die geval dat jong Afrikaners soms afgeskrik is deur die doelbewuste pogings van sekere offisiere om die indruk te laat posvat dat 'n soldaat 'n vloekende niksnuts moet wees. En wat die Britse militêre prestige in die algemeen betref hoef mens maar net 'n oudstryder van die Boererepublieke om sy mening te vra in teenwoordigheid van 'n Suid-Afrikaanse oudsoldaat — Afrikaans of Engelssprekend — van die afgelope oorlog. Na byna vyftig jaar is daar nog volkome eenstemmigheid op hierdie punt.

(Vervolg in volgende kolom)

Onder die Smutsbewind is die verbritsing van ons leër nie net meer aan individuele offisiere toegelaat nie — dit was doelbewuste beleid van die regering self. Net sogenaamde „betroubares" — d.w.s. betroubaar vanuit Britse standpunt — is tot die leër toegelaat, terwyl die platteland met sy Afrikanertradisie feitlik heeltemal ontwapen is. Nou dat die Minister van Verdediging maar effens begin opruim aan hierdie toestand, gaan daar 'n gehuil op in jingo-kringe. Ons leër sal dan glo nou sonder tegniese kennis moet klaarkom in die atoomeeu. Vir hierdie mense bestaan daar natuurlik net 'n Brittanje, al het Brittanje nog geen enkele atoombom gemaak nie en is hy vir sy atoomkennis ook maar aangewese op die kennis van ander lande. Ons is heeltemal tevrede om ons kennis regstreeks op te doen van dieselfde bronne waar die Britte dit kry.

Daarom wens ons die nuwe Minister alle welslae toe vir sy pogings om ons verdediging te suiwer van die Britse isolasiegees.

## WIE HET GEDRAAI ? 3

# Invloed van Oud-Soldate En Afrikanereenheid

**In my vorige artikel het ek probeer aantoon dat die posisie van die Nasionaalgesindes met 400 na 500 stemme per setel verbeter het as gevolg van die feit dat hulle 'n meerderheid gehad het onder die kiesers wat in 1948 vir die eerste maal gestem het. In hierdie artikel wil ek veral ingaan op die ommeswaai in die soldatestem en van die veel groter mate van Afrikanereenheid wat daar in 1948 was.**

Deur Navorser

DIE SOLDATESTEM

In 1943 was die soldatestem 90,000 — sowat 600 per kiesafdeling. In die kiesafdelings wat in albei verkiesings beveg is deur 'n Nasionaalgesinde kandidaat of een wat 'n groot mate van Nasionale steun geniet was daar 500 soldate per kiesafdeling. Dit lyk 'n redelike aanname vir my en laat 800 soldatekiesers vir die meer Engelse kiesafdelings. In 1943 het die soldate 95% gestem en 90% van hulle vir genl. Smuts. Dit gee genl. Smuts 'n meerderheid van 380 per setel onder die soldatestem in 1943 — 427 vir hom en 47 teen hom.

In 1948 stel ek die soldatestem in dieselfde kiesafdelings op nie meer as 400 per setel — daar was 'n stempersentasie van 82% en sekere soldate het sedert 1943 gesterf. Aangesien duisende Afrikaners bloot deur die oorlogsomstandighede hulle in die leër bevind het, kan 'n mens verwag dat hulle in 1948 weer gestem het waar hulle hart en familie altyd was naamlik by die Nasionaalgesindes. Op die aanname dat sulke soldate in hierdie 107 oorwegend Afrikaanse kiesafdelings ongeveer eenderde van die soldate uitgemaak het, het ons die uitslag onder die soldatestem: V.P. 265, H.N.P. 135. Onder die soldate het die Smuts-meerderheid dus met gemiddeld 250 gekrimp in elke setel.

FAMILIE

Maar behalwe die soldate was daar hulle naasbestaandes wat saam met die soldate in 1943 die oorlogsbeleid gesteun het. Omdat die groep nie soveel as 95% gestem het in 1943 nie en ook waarskynlik nie so hoog as 90% vir genl. Smuts nie, en ook moontlik kleiner is as die soldategroep, stel ek die ommeswaai onder die mense op 'n laer syfer naamlik 150 per setel.

Die feit dat baie soldate wat in hul wese en agtergrond Nasionaal is, in 1948 weer die Nasionaalgesindes gesteun het en dat hul naasbestaandes dit ook gedoen het verklaar dus 400 van die ommeswaai.

AFRIKANEREENHEID

In 1943 was die Afrikaners wat teen die oorlog was verdeeld en dit het 'n baie nadelige uitwerking gehad op die sukses van die anti-oorlog kandidate. **In 1948 het die Malan-Havenga-ooreenkoms nie alleen die moontlikheid van driehoekige gevegte uitgeskakel nie, maar ook 'n gevoel van Afrikanereenheid geskep.** Hierdie gevoel was sonder twyfel versterk deur die baie ooreenkomste dwarsdeur die land, as gevolg waarvan lede van die Ossewabrandwag ook gevoel het dat hulle deel het in die eenheidsbeweging onder die Afrikaners.

Die beste maatstaf vir die uitwerking van Afrikanereenheid vind ek in die heelwat groter stempersentasies van 1943 teenoor 1948. In albei verkiesings het die ondersteuners van generaal Smuts tot die laaste man gestem, maar dit was dikwels nie so onder die Afrikaners in 1943 nie. Hierdie eenheid het natuurlik ook veel deegliker organisasie moontlik gemaak. Ek gee hieronder 'n tabel van die persentasie stemme wat met elke verkiesing in sekere gebiede in ons land uitgebring is en die ommeswaai per setel in daardie gebiede.

GROOT INVLOED

As 'n mens aanneem dat die addisionele 2% wat gestem het, die gevolg van Afrikanereenheid was, kan ons 200 van die „ommeswaai" hieraan toeskryf. In werklikheid was dit waarskynlik 'n bietjie meer aangesien die persentasie stemme wat uitgebring is in 'n veilige setel soos Waterberg waar die belangstelling klein was omdat die uitslag buite alle twyfel was, slegs 73.3% was.

**Dit is opmerklik dat waar die ommeswaai die grootste was onder die plattelandse setels naamlik in Oos-Transvaal die toename in die stempersentasie ook baie groot was naamlik 5.6%. Hier het die faktor van Afrikanereenheid moontlik 500 van die ommeswaai verklaar.**

Word vervolg

| GEBIED | % Stemme 1943 | % Stemme 1948 | Ommeswaai Per Setel |
|---|---|---|---|
| **Stede** | | | |
| Kaapprovinsie | 78.0 | 80.2 | 1476 |
| Bloemfontein | 77.3 | 82.6 | 1761 |
| Rand en Vereeniging | 77.3 | 77.8 | 1464 |
| Pretoria | 75.8 | 79.0 | 1418 |
| Pietermaritzburg | 75.8 | 80.6 | 215 |
| Totaal Stede | 77.1 | 78.7 | 1443 |
| **Platteland** | | | |
| Boland | 87.1 | 89.0 | 1132 |
| Karoo en Noord-Kaap | 82.4 | 85.9 | 863 |
| Res van Kaapprov. | 83.2 | 85.8 | 1149 |
| Oranje Vrystaat | 82.7 | 83.0 | 554 |
| Oos-Transvaal | 79.9 | 85.5 | 1677 |
| Res van Transvaal | 80.5 | 81.5 | 1017 |
| Noord-Natal | 78.4 | 86.9 | 1436 |
| Drakensberg | 64.2 | 75.7 | 69 |
| Totaal Platteland | 82.3 | 84.9 | 1042 |
| Totaal Unie | 80.1 | 82.1 | 1218 |

**FONDSDAG !**

**Neem asseblief kennis dat 'n funksie gehou sal word op Saterdag 31 Julie 1948, by komdt. De Bruin op Rooidraai, ter stywing van die fondse vir 8 Augustus.**

**Dis die 10e verjaardag van die O.B. en die 60ste van komdt. W. J. de Bruin.**

**ALMAL WELKOM**

**Bring u kinders saam.**

**FONDSDAG 1948**

**SENTRALE FEESTE — GEBIED F**

**ter herdenking aan die Ossewatrek en die viering van die Tiende Verjaardag van die Ossewabrandwag**

**RUSTENBURG** (7 Augustus):
**Hoofgeneraalskap F5, F6, F7 en F9**

**POTGIETERSRUST** (14 Augustus):
**Hoofgeneraalskap F2 en gedeelte van F10**

**LOUIS TRICHARDT** (21 Augustus):
**Hoofgeneraalskap F1 en gedeelte van F10**

**PRETORIA** (11 September):
**Hoofgeneraalskap F4 en F12**

**BELFAST** (18 September):
**Hoofgeneraalskap F3, F8 en F11**

*AL VYF FEESTE WORD TOEGESPREEK DEUR*

**DR. HANS VAN RENSBURG**

*EN*

**ADV. JOHN VORSTER**

★ Maak seker dat u een van die feeste bywoon ★

★ *Aantreklike programme word op elke plek gereël* ★

***ALLE AFRIKANERS WELKOM***

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 3/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/6 per** 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

### GEBOORTE

**DE KLERK.** — 'n Fris seun, Abraham Johannes die vierde, op 6 Julie in Mowbray-Verpleeginrigting. Dankbare ouers. Hoofweg 109, Mowbray. 14/7/1.

### BOME, PLANTE EN SAAD

**GOEWERMENTSGESERTIFISEERDE** Donker Detroit Beetsaad 5/-, Chantenay Wortelsaad 7/6, Silver King Uiesaad 8/6 per lb. Posvry. Vra pryslys van **PREMIERS,** P.K. Schoemanshoek **Oudtshoorn.** 21/4/TK

**LUSERNSAAD.** — Vars saad, standaard gehalte. Doddervry. £9 per sak, 203 lb., gelewer Oudtshoorn-stasie. K.M.B. — **D. S. DU TOIT,** P.K. Armoed, Distrik Oudtshoorn. 14/4/TK

**LUSERN TE KOOP.** — Eerste graad lusern 5/9. Tweede graad 4/9. Graslusern soos gesny van lusernlande, goeie voer, 3/9. Alles per 100 lb. V.O.S. Kirkwood. **J. H. STIEMIE,** Posbus 46, Kirkwood, K.P. 7/7/4.

**ROOSBOOMPIES** vir onmiddellike planting. Skryf om gratis pryslys. **LA MOTTE-KWEKERY, P.K. La MOTTE.** 7/7/TK.

### GEMENG

**GRAFSTEENMAKERS.** — Vir gewaarborgde tevredenheid tree in verbinding met die **S.A. GRAFSTEEN EN MONUMENTWERKE (EIENS.) BPK.** van Voortrekkerweg 360, Maitland. (Onder persoonlike aandag van ons Best.-Direkteur, mnr. Jannie Cillie). Telefone—5-4420 en 5-02823.

### VAN'S CONCRETE PRODUCTS

**ALLERLEI** — Waterspoel-rioolstelsels, vloerteëls en gepolitoerde terrazzo-kombuisopwastafels en artikels essensieel vir gerief, higiëne en netheid. Volle besonderhede skrywe:— **VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BPK.,** Potgieterstraat 258, Pretoria. 3/12/TK.

### MEUBELS

**MEUBELS.** — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte ens. ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. **—VISSER-MEUBELS,** Langstraat 291, **Kaapstad.** 3/12/11.

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, **PAROW,** verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

### TE KOOP AANGEBIED

**BULHONDE (BULLDOGS).** — Opreggeteel, 5 mande oud, wit met grou, kol op die kop. Teef £5; reuntjies £7. **—BASSON,** Bokomo, **Malmesbury.** 14/7/1.

**EEN GROOT WEEFBANK** („Reed 72") met sy toebehore bv. spanrak, wolafroller, stoel, ens., asook een „Emily Hobhouse"-spinwiel. Prys £50. Skryf: **Mev. S. J. SWANEPOEL,** Klipkrans, **Beaufort-Wes.** 14/7/1B.

**MOTORFIETS.** — 10-12 Harley-Davidson 1941, met syspaan, uitstekende voorkoms en kondisie, £75. — **BASSON,** Bokomo, **Malmesbury.** 14/7/1.

**VOLSTRUISE.** — Een paar eersteklas broei-volstruise met 12 kuikens, 2 maande oud, baie mak. Prys £100, of kuikens alleen teen £3 10s. stuk. Word verkoop op eerste aanvraag. Rede vir verkoop: stok is vol. **J. N. B. de Wit,** Lemoenshoek, Barrydale. 14/7/1B.

### TE KOOP

**BOERE, AANDAG!** — Uitverkoping van voorraad nuwe klere en skoene, asook tweedehandse militêre klere, elke Saterdagoggend by **NICK NEETHLING,** Lady Greystraat, **PAARL.** Foon 1253. 12/5/TK

### TE HUUR

**TE HUUR.** — Gedeelte van veeplaas met paar morge land, gedeeltelik besproeibaar. Distrik Groblersdal. Land geskik vir tabak, tamaties, ens. ens. Veld vir 70-80 beeste. Om nadere besonderhede skryf aan: **FANIE HEYSTEK,** Posbus 45, **OOGIES.** 14/7/1B.

### SOUT TE KOOP

**BOEK** u bestellings vir vroeë aflewering sodra sout verkrygbaar is: A1, £4; No. 1, £3/15/-; No. 2, £3/10/-, per ton; 100 pond fyn bottersout 6/-, vrygelaai Soutwerke. Bestel: **Komdte. mev. MARTIE VENTER,** P/sak No. X4, Arbeidsloon, Bloemfontein. 5/5/TK

# A.V.B.O.B.

**Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars**

**Bloemfontein — Pretoria**

**154 Takke**

# Immigrante Beset Alles

**Tot watter mate Britse immigrante reeds alle bewoonbare gaatjies in beslag geneem het, blyk uit die feit dat een Kaapstadse hotel sowat nege immigrante onder elke tien van sy loseerders tel. Mense van die platteland wat gereeld in hierdie hotel tuisgaan wanneer hulle in die stad kom, moes uitvind dat daar vir hulle geen herberg meer te kry is nie.**

**Die nie-immigrante in hierdie hotel is maar 'n skrale tien persent.**

# BURGEMEESTER SÊ NATURELLE MOET SKEIDING AANVAAR

Dit sal vir die Bantoes verstandig wees om nie segregasie te bestry nie, het mnr. L. L. Boyd, burgemeester van Durban, in 'n toespraak voor die African Teachers Union verklaar. Die nie-blankes moet besef dat die houding van die blankes 'n groot mate van goeie trou teenoor die nie-blankes inhou, het hy gesê.

„Wat ek wil hê dat julle moet besef, is dat segregasie wanneer dit deur die blankes ingestel word, 'n besliste verantwoordelikheid op die blankes plaas, indien segregasie is wat dit behoort te wees — gelyke ontwikkeling in die volle sin van die woord. Daar rus 'n verpligting op die blanke om toe te sien dat die Bantoe ten volle ontwikkel word in sy eie gebied", het hy gesê.

Vir die nie-blanke onderwysers, as leiers onder hul ras, is dit nodig dat hulle oor hul houding besluit, het mnr. Boyd vervolg.

# KOÖPERASIES BREI UIT

Die Koöperatiewe beweging in die Unie het die afgelope tien jaar geweldig uitgebrei, volgens die Registrateur van Koöperatiewe Verenigings verlede week op die kongres van die S.A.L.U. verklaar het. Sedert 1938 het die omset van koöperatiewe organisasies van £2 miljoen na £60 miljoen vermeerder.

Op die kongres is ook verklaar dat sowat 90 persent van die boere in die Unie aan die Suid-Afrikaanse Landbou-unie behoort.

# Kommuniste Verloor In Finland

Die Kommuniste en hul makkers in Finland is besig om die kreeftegang te gaan. In die afgelope verkiesing wat in Finland gehou is, het hierdie groep, bekend as die Volksdemokrate, 11 setels verloor. Na die vorige verkiesing het hulle 49 setels gehad. Tans het hulle net 38. Die Sosiaal-Demokrate het 54, die Boereparty 56, en die Konserwatiewe party 43 setels verower.

## *Wat Het U Gedoen?*

**Hoeveel intekenare het u reeds op ons blad gewerf? Die volk was nog nooit so ryp vir die eenheidsgedagte van die O.B. soos nou nie. Sorg dat u die amptelike orgaan van die Ossewabrandwag nou onder die aandag van u vriende bring en vra hulle om daarop in te teken.**

# Verkies Britse Kroonbewind Bo Selfbestuur

Die naturelle in Noord-Rhodesië is gekant teen enige vorm van selfbestuur vir daardie Kolonie en verkies dat die Britse koloniale bewind soos tans in swang, behou moet word omdat hulle daarin 'n beskerming vir hul regte sien. Hulle sal alleen ten gunste van selfregering wees wanneer daar genoeg geleerde naturelle is wat lede van die wetgewende liggaam kan word.

Dit is die standpunt wat verlede week uitgespreek is deur die Naturelle-verteenwoordigende raad in Noord-Rhodesië. Die naturellespreker wat hom die sterkste vir hierdie standpunt uitgespreek het, is Nelson Namulango wat onder die nuwe konstitusie 'n kandidaat is vir die Wetgewende Vergadering. Hy het verklaar dat „ons broers in die Suide" se land van hulle weggeneem is deur die blankes en dat verhoed moet word dat dit ook die geval met Noord-Rhodesië word. „Ons wil hê dat Noord-Rhodesië 'n naturellestaat moet bly."

# *PRODUSEER BYEGIF VIR RUMATIEK*

'n Byeboer in Londen wat die eienaar is van 2,000,000 bye is besig met 'n winsgewende besigheid deur die angels van die bye uit te trek en die gif aan te wend vir sekere soorte rumatiek. Hy stuur elke week 10,000 bye-angels na fabrieke wat die gif versorg.

Die gif word verkry deur die bye 'n narkose toe te dien en daarna in yskaste te plaas. Die koue laat die angel na vore kom wat dan met 'n haartangetjie uitgetrek word.

Onlangs het die eienaar op versoek van die Britse regering 50,000 van sy bye na Duitsland gestuur om die kwale van mense wat in interneringskampe was, te verlig.

# TSJEGGE VERSET HULLE

Die Anti-kommuniste in Tsjeggo-Slowakye het verlede week vir die eerste keer openlik in opstand gekom teen die Kommunistiese bewind wat op hulle afgedwing is. Meer as 3,000 persone het deur die strate van Praag gemarsjeer en uitgeroep: „Ons wil Benesj as president hê." Verskeie ander betogings is gehou maar almal is deur die polisie uiteen gejaag en die voorbokke in hegtenis geneem.

# Engelse Pers Huil Oor Militêre Veranderings

**Die Minister van Verdediging het besluit om 'n einde te maak aan die uitruil van militêre deskundiges tussen die Unie en Brittanje, volgens 'n berig in die Engelse pers.**

Daar is tans een Britse offisier op Voortrekkerhoogte gestasioneer en sy dienstyd verstryk een van die dae. Sy opvolger sou reeds klaar benoem wees maar die Britse owerheid is in kennis gestel dat die Unie nie meer met hierdie uitruiling sal voortgaan nie, aldus die Cape Times. Daar is ook tans 'n lid van die Unieverdedigingsmag in Brittanje gestasioneer, maar daar sal ook geen opvolger in sy plek benoem word nie.

Die regering het verlede week aangekondig dat mej. genl. Poole, adjunk-hoof van die Verdedigingsmag, verplaas sal word na Berlyn as hoof van die Unie sê militêre sending in Duitsland.

Die Engelse pers het dadelik hierin 'n stap gesien om genl. Poole as opvolger van genl. sir P. van Ryneveldt, van die toneel te laat verdwyn aangesien die huidige bevelhebber van die Suid-Afrikaanse magte binne tien maande sal aftree. Die Engelse pers verklaar dat dit algemeen aangeneem is dat genl. Poole die huidige opperbevelhebber sou opvolg. Nou skyn dit nie die geval te wees nie omdat hy 'n minder belangrike pos sal moet beklee.

### BELANGRIK

**In antwoord op hierdie berigte het die Minister van Verdediging verklaar dat hy die militêre sending in Berlyn as een van die belangrikste poste beskou as gevolg van die internasionale onsekerheid.** Die regering het besluit om 'n ervare offisier na Berlyn te stuur om die leiding van die militêre sending oor te neem.

Genl. Pool se pos as adjunkhoof sal nie weer gevul word nie, aldus die aankondiging.

# *KOMMUNISTE KRY MINDER STEUN IN HOLLAND*

**In die verkiesingstryd in Nederland — wat hoofsaaklik gegaan het oor die Indonesiese kwessie — het die Kommuniste 120,000 stemme minder gekry as tydens die verkiesing van 1946. In plaas van tien setels, kon hulle nou net agt verkry.**

Die uitslag van die verkiesing bring geen groot veranderinge teweeg nie. Die stand van die partye is as volg.

Katolieke Volksparty: 32 (geen verandering); Arbeidersparty: 27 (twee setels minder); Anti-Rewolusionêre Party: 13 (geen verandering); Christelike Historiese Bond: 9 (een setel bygekry); Vryheid en Demokrasie: 8 (twee setels bygekry); Kommuniste: 8 (twee verloor); Katolieke Aksiekomitee: 1.

Buitelandse waarnemers berig dat die abdikasie van koningin Wilhelmina ten gunste van prinses Juliana nie net gesien moet word in die lig van die feit dat haar gesondheidstoestand veel te wense oorlaat nie, maar dat dit ook veel te doen het met 'n verskil van sienswyse tussen haar en die regering oor die Indonesiese kwessie, waarby Rusland diep betrokke is. Sy is nie bereid om stappe te doen wat sy nie in belang van Nederland ag nie, aldus die berig.

**Pretoria-Mark**

**PRINSLOO EN VENTER**

**MARKAGENTE**

**Van der Waltstraat 268**

**Posbus 361 - Foon 2-2208**

**PRETORIA**

**(Mede-eienaar en Bestuurder: J. P. BOTHMA)**

●

**Garansie van £2,500 by die Staat**

●

**Probeer ons vir beter diens!**

*SKRYF OM GRATIS*

*★ ETIKETTE*

*★ MARKVERSLAE ENS.*

### ANTWOORDE OP „WIE KAN SÊ?"

1. 78 jaar.
2. President Kruger.
3. Omdat dit die dag is waarop die ossewaens in 1938 uit Kaapstad vertrek het, en dus beskou word as die geboortedag van die O.B.
4. Vier.
5. Die akkerboom het saam met die blanke pioniers die land ingekom en is 'n boom wat eeue oud word. Akkerblare versinnebeeld dus die sterk en kragtige groei van die Boerejeug.
6. Veldkornet het 2 strepies weerskante van die kenteken; Kommandant het 3 weerskante; Hoofkommandant het 'n akkerblaar weerskante i.p.v. strepies.
7. Die Union Jack.
8. Dit is oranje waar die gewone Vierkleur rooi is.
9. Blou.
10. Oranje.

DIE
Boere jeug
AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 14 JULIE 1948.

# Die Onderwysersberoep

Deur 'n Medewerker

Die werk van die onderwyser is seker een van die belangrikste van alle beroepe. Die onderwys en die opvoeding van die jeug, die volk van die toekoms, is in die hande van die onderwyser. Geen persoon mag homself voorberei vir die beroep of die beroep aanvaar, as hy nie belang daarin stel, homself geroepe daartoe voel en dit wil aanvaar as 'n Lewensroeping nie.

Dit is sekerlik nie 'n beroep waarin finansiële oorwegings mag geld nie. Soos sake vandag staan, word die meeste ambagsmanne met dieselfde opleidingstydperk, beter betaal en sonder die onkoste van opleiding. Dit is egter 'n heerlike en interessante beroep, vol moontlikhede wat veel plesier verskaf.

Daar is verskillende rigtings wat in die onderwys gekies kan word. Opleiding geskied aan die verskillende Opleidingskolleges, Universiteite, en in besondere gevalle aan Tegniese Kolleges. Vir Laer onderwys geld 'n twee- of driejarige kursus in Tale, Rekenkunde, Opvoedkunde, en Sielkunde, en die verskillende Skoolvakke. Die beginsalaris is ongeveer £250 — £300 per jaar.

### HOËR ONDERWYS

Vir Hoër Onderwys is nodig 'n graad (3 jaar) aan 'n universiteit, en daarna 'n eenjarige onderwysdiploma. Hoofvakke kan wees Tale, Geskiedenis, Aardrykskunde, of die Wetenskappe. Die beginsalaris is ongeveer £350.

Dogters kan hul in die onderwys toelê op vakke soos Huishoudkunde, Plantkunde, Kindertuin, en baie andere, terwyl seuns weer Landbou, Houtwerk, Wetenskappe, en andere kan neem.

Boerejeug wat hulle op die onderwysberoep wil toelê, moet hulself op hoogte bring met die **Christelike Nasionale** gedagte **in die onderwys.** In so 'n stelsel kan hulle ware volksdiens lewer. Sulke onderwysers het ons vandag in groot getalle baie dringend nodig in al die provinsies.

## WIE KAN SÊ?

1. Hoe oud was President Kruger toe hy gesterf het? (Die antwoord kan julle aflei uit 'n artikel op hierdie bladsy).
2. Wie het gesê: „Gebore onder die Britse vlag, wens ek nie daaronder te sterwe nie?"
3. Waarom vier ons 8 Augustus?
4. Hoeveel akkerblare is daar op die Boerejeugkenteken?
5. Waarvoor staan dit?
6. Watter verskil is daar tussen die rangbande van 'n Jeugveldkornet, Jeugkommandant en Jeughoofkommandant?
7. As die Union Jack en die Unievlag weerskante van 'n gebou hang, watter een moet regs wees as jy na die gebou kyk?
8. Waarin verskil die O.B.-vlag van die ou Transvaalse Vierkleur?
9. As die O.B.-vlag vertikaal gehang word met die groen baan bo, watter kleur moet regs wees as jy daarna kyk?
10. Watter kleur, oranje of blou, van die Unievlag, is bo?

## MAAK ONS EIE SAKKE

**Suid-Afrika het so pas sy eerste sakke uit juut wat in Suid-Afrika gekweek is, gemaak. Dit is vervaardig in die nuwe sakfabriek te Benoni. Daar word gemeen dat Suid-Afrika binne 'n jaar of twee genoeg sakke vir sy eie gebruik sal kan maak.**

# WATTER WAARDE HET DIE BOEREJEUG?

**Deur Boereseun G. P. Delport, Potchefstroom**

Stadig reis die Vierkleur hoër teen die paal op. Uit volle bors sing 'n honderd Boereseuns Die Stem. Met die laaste refrein kom almal op saluut:

„.............................................
.............................................
Ons sal lewe, Ons sal sterwe, Ons vir jou, SUID-AFRIKA!"

Die woorde weergalm nog deur die lug en sterf dan weg. Die weerklank laat egter 'n koue rilling deur my liggaam gaan, want ek het in my siel die oortuiging gevind dat ek my wel sal opoffer vir my land en volk.

Nog nooit voorheen in my lewe, het nasietrots met soveel vuur in my opgebruis nie, en met trots kan ek sê dat hierdie opbruising van vaderlandsliefde deur die Boerejeug aangewakker is. Hier het ek besef dat dit die enigste beweging is, wat nasie trots by die Afrikanerseun met soveel vuur kan aanwakker. Vanaf daardie oomblik het ek gevoel dat ek selfs my lewe sal opoffer as dit tot ware diens van my land sal wees.

Die flinkheid en netheid van elke Boereseun op die laer, het my aandag getrek, en gou het ek besef dat dit alleenlik strenge dissipline kan wees wat ons so reggeruk het. Geen seun sal na so 'n laer slordig wees of ongemanierd met sy hande in sy broeksakke staan as hy met 'n dame praat nie. Bo alles kweek hierdie dissipline by alle laergangers later selfdissipline, en die persoon wat dit in sy lewe kan toepas, het al halfpad gewen in sy stryd om 'n gesonde karakter op te bou.

Hieruit kan afgelei word dat die Boerejeug dit selfs regkry om te help met die opbou van goeie Afrikaners. Die seun of dogter wat eenkeer so 'n laer bygewoon het, sal in die toekoms dan ook altyd sy volk liefhê, want hier word die vaste fondament gelê van 'n ware patriot.

### DIENS

Die Boerejeug is 'n beweging wat jou leer en laat besef dat jy diens aan jou volk en medemens moet lewer. So sal jy vind dat dit 'n plesier word vir Boereseuns om heeldag op wag te staan. Net omdat hy weet dat hy dan diens doen aan sy maats, is dit 'n taak waarop hulle naderhand net trots word. Is dit nie 'n teken dat hulle op hierdie manier al gewillig is om diens vir al hulle maats te lewer nie? Hier is ook 'n bewys dat die Boerejeug op 'n Christelike basis gegrondves is, want is diens aan jou naaste dan nie die groot beginsel wat nou verbonde is aan liefde tot God nie?

Baie van die laer se organisasiewerk is aan my opgedra. Ek het gevolglik aan baie oudjies minderbelangrike werkies gegee, waarop hulle dan ook net trots was. Van die kleinstes tot die grootstes het een of ander taak gehad om te vervul. Dit was interessant om te sien hoe hulle planne beraam om maats te kry wat hulle kon help. Hulle leer dus hier om self te organiseer, en as hulle van kleins af hierin opgroei sal dit vir hulle maklik wees om eendag organisasiewerk te doen in diens van hulle volk.

### VADERLANDSLIEFDE

Die Boerejeug is vir die hele volk van onskatbare waarde want nie alleen word die kind van kleinsaf geleer om sy volk te dien nie, maar ook word daar 'n vuur van vaderlandsliefde by hom aangesteek. Napoleon het gesê: „Gee my die kind, dan het ek die volk." Uit hierdie woorde blyk dat die Boerejeug baie doen vir die volk, want wen die beweging dan nie die kind vir die volk nie?

Die godsdienstige basis waarop die Boerejeug gegrondves is, is een van die dinge wat die beweging innerlik sterk maak. Dink byvoorbeeld daaraan dat dit gebeur dat kinders op 'n laer vir die eerste keer hoor van aand- en oggendgodsdiens. Hier leer hul dat alleenlik die godsdiens van ons volk, ons nog in stand hou.

Kameraadskap word hier hegter geknoop as op enige ander plek, so stewig dat die verraaiers tot 'n minimum beperk word.

### DOEL

As die doel en strewe van die Boerejeug in oënskou geneem word, kom 'n mens werklik tot die besef van sy hoë roeping. So lees ons in 'n pamflet (deur die Boerejeug uitgegee) dat die Boerejeug hom as integrale deel van die Volksbeweging, ten doel stel om die jeug te vorm en te ontwikkel in sy ware volksverband.

En dit sluit o.a. in:

1. Dat die Boerejeug hom onder roepingsbewuste en koersvaste leiding stel;
2. dat sy lede ingewy word in die Afrikaanse Christelik-Nasionale lewens- en wêreldbeskouing;
3. dat hy sy volkstradisies leer ken en waardeer, en sy volksideale sy eie maak;
4. dat hy gedissiplineerd word tot erkenning en gehoorsaming van alle regmatige gesag wat oor hom gestel is;
5. dat sy Organisasie 'n middel sal wees om leiergawes te ontdek en te ontwikkel, en sodoende by te dra tot die vorming van toekomstige leiers op elke gebied;
6. dat die Boerejeug, sover dit op sy weg lê, elk van sy lede na sy aard en aanleg sal vorm en ontwikkel, in voorbereiding van sy (haar) toekomstaak in diens van God, Volk en Vaderland.

U sal nou kan besef wat die Boerejeug vir my beteken, want in al hierdie dinge was die beweging vir my al tot diens.



## DIE ST. JOSEPHSLELIE EN DIE VARKBLOM



**Deur L. Gericke**

„Wat maak jy hier in die tuin?" vra die St. Josephslelie verbaasd aan die varkblom.

„Waarom kan ek nie hier wees nie?" wou die varkblom weet.

„Omdat jy in die vleie hoort — net soos die varke na wie jy heet. Jy is mos net so lief vir modder en moerasse soos hulle!" en die lelie ruk minagtend haar kelke reg.

Styf en statig staar die varkblom haar aan, asof sulke verwaandheid te ver benede haar waardigheid vir kommentaar is, maar dan dring die onreg van die naam „Varkblom" tot haar bewussyn deur.

„My naam is nie ‚Varkblom' nie. Dis sommer 'n uitskelnaam van diegene wat nie beter weet nie. My naam is Aronskelk en waar wil jy nou 'n mooier naam as dit kry?"

„Ag!" snou die lelie haar toe, „is dit nou so'n danige mooi naam? Myne is baie mooier! Ek heet na 'n groot heilige, St. Joseph. As sy geliefkoosde blom het hy my altyd gekies om die altaar van sy kerk te versier en toe het sy volgelinge my sy naam gegee."

Met 'n hooghartige gebaar wip die lelie haar kelke saam met die windjie in die teenoorgestelde rigting — weg van die vir haar so veragtelike, varkblom. Maar saggies op die vleuels van die windjie hoor sy die varkblom sê: „Ja, jy het 'n mooi naam en jou geskiedenis is pragtig. Jy doen seker altyd jou bes om so mooi te leef en so liefdevol te wees soos St. Joseph dit graag wou hê toe hy sy kerk met jou versier het."

Met 'n steek van verwyt het die St. Josephslelie die sagte antwoord aangehoor. Dadelik was sy spyt oor haar hooghartige houding en met liefdevolle nederigheid kyk sy na die varkblom en sê: „Ek is jammer, Aronskelk, dat ek so snaaks teenoor jou was. Jou regte naam is ook mooi en ek sal jou nooit weer „Varkblom" noem nie."

En om te wys hoe opreg sy dit meen, laat sy haar kelke almal sak, terwyl die Aronskelk met innige dankbaarheid haar rein, wit gesiggie na haar nuwe vriend ophef.

Van daardie dag af staan die kelke van die St. Josephslelie nooit meer regop nie, maar die Aronskelk s'n wel.

## 14 JULIE 1904

Vandag herdenk ons die sterfdag van President Kruger. Op besluit van die Transvaalse Volksraad, moes hy tydens die Tweede Vryheidsoorlog na Europa gaan om nog dáár vir sy volk van nut te wees. Hiertoe is hy in staat gestel deur die koningin van Holland, wat hom ook vriendelik in haar land ontvang het.

Daar moes hy egter die tyding van die dood van sy eggenote en seun, van die ondraaglike lyding in die konsentrasiekampe en eindelik van die ooreenkoms by Vereeniging, verneem. Terwyl hy die somer in Suid-Switserland deurgebring het, het hy 'n ernstige aanval van inflamasie in die longe gekry, en op 14 Julie 1904, het hy gesterf.

„Die duister grou op gryse berggevaart,
‚Volbrag, volbrag!
Wees welkom nag',
Sy sieners-oë glimlag hemelwaart." — Jan Celliers.

Vandag word hierdie plekke in Switserland deur die Switserse volk as monument bewaar, en toeriste kan dit gaan besoek.

Alma Pistorius skryf die volgende omtrent die Krugerstandbeeld te Pretoria:

„Ter ere van die vermaarde staatspresident van die Z.A.R. Stephanus Johannes Paulus Kruger, opgerig. Hy was meteen 'n godsman, staatsman, volksman, krygsman sonder

Vervolg in volgende kol.

## KIEMWAPENS AAKLIGER AS ATOOMBOMME

Hulle vrees die uitwerking van biologiese of kiemoorlogvoering meer as die uitwerking van atoombomme, het twee deskundiges van die Amerikaanse Atoomkragkommissie aan 'n vergadering van lede van die Amerikaanse mediese vereniging verklaar.

Die radio-aktiwiteit van atoombomme kan vasgestel en gemeet word, het dr. Joseph Hamilton, van die universiteit van Kalifornië, verklaar, maar die gevolge van 'n kiemoorlog kan nie voorspel of gemeet word nie.

**Deskundiges wat die vergadering bygewoon het, het verklaar dat die nawerking van radio-aktiwiteit, veroorsaak deur atoombomme, baie oordryf is.**

Vervolg van vorige kol.

weerga. Hy is op 10 Oktober 1825 te Bulhoek gebore en het op 14 Julie 1904 in Switserland gesterf.

„Die monument staan op die stasieplein. Dis 'n bronsstandbeeld van hom in sy presidentsgewaad, met vier burgerfigure (ook brons) op die hoeke aan sy voet. Dit is 'n werk van Anton van Wouw. Die hoeksteen is deur mnr. G. Brink op 12 Augustus 1925 gelê."

# AAKLIGE LOT VAN 11 MILJ. OOS-DUITSE VLUGTELINGE

**Die tragiese lot van sowat 11,000,000 Duitsers wat uit hul tuistes in Pole, Tsjeggo-Slowakye, Roemenië, Joego-Slawië, Hongarye en Rusland uitgeskop is en tans dakloos in Duitsland rondswerf, word verhaal deur waarnemers van die Britse blad, Review of World Affairs.**

Daar is tans in Duitsland twee soorte „verplaaste persone". Die eerste groep bestaan uit sowat 650,000 van wie ruim 400,000 Jode is, en die res Pole, Wit-Russe en ander vlugtelinge uit die Balkan is. Hierdie groep woon hoofsaaklik in Wes-Duitsland.

Die tweede groep vlugtelinge tel ruim 11,000,000 siele en is hoofsaaklik Duitsers of mense met 'n Duitse agtergrond. Hulle is oor al vier die besettingsgebiede versprei. Volgens 'n onderlinge ooreenkoms van die besetters is daar meer as 3,200,000 in die V.S.A.-gebied; 3,300,000 in die Britse gebied; 4,500,000 in die Russiese en ongeveer 100,000 in die Franse gebied.

### SLAWE

**Daarby kom nog dat die regerings van Pole en Tsjeggo-Slowakye ongeveer op 700,000 geskoolde Duitse vakmanne beslag gelê het en hul families na Duitsland gedeporteer het. Sowat 3,500,000 vakmanne het ook uit Oos-Duitsland verdwyn en is vermoedelik as slawewerkers na Siberië gedeporteer.**

(Te Neurenberg is Duitse leiers ter dood veroordeel weens gebruikmaking van vreemde werkers tydens die oorlog, en een van die regters was 'n Rus).

Die onmiddellike gevolg van hierdie verdwyning van geskoolde vakmanne is dat nie alleen hul arbeidsvermoë verlore is nie, maar daar 'n oormaat onproduktiewe vroue en kinders in die Russiese besettingsgebied is wat gevoed moet word.

### DOOD ARM

Die lewensstandaard van die 11,000,000 vlugtelinge in Duitsland is vér benede die van die res van die bevolking. Slegs 15 persent van hierdie ongelukkiges beskik oor die aller noodsaaklikste huishoudelike artikels. Dit is ook ver benede die produksievermoë van die fabrieke in Duitsland om in hul behoeftes te voorsien en baie min Duitsers is begering om van hul karige besittings afstand te doen omdat hulle devaluasie van die mark vrees.

### GROOT NOOD

In die Amerikaanse gebied is die minimum behoeftes van hierdie mense as volg: Beddens 4,300,000; kinderbeddens 1,000,000; tafels 1,100,000; stowe 1,100,000; stoele 5,300,000; borde 5,600,000; komberse 5,600,000; skoene 5,600,000; vrouensrokke 3,300,000; seunsklere 2,300,000.

Die behuisingsnood is geweldig. Strome vlugtelinge het om die klein dorpies toegesak. In die meeste gevalle leef 65 persent van die vlugtelinge in kamertjies. Dit lei noodwendig tot verlaging van die moraal en gesondheidstoestande, berig die blad. **Families van vier en vyf is gelukkig as hulle twee kamertjies kan bekom.**

Honderdduisende leef in ou barakke met soveel as tien tot twaalf gesinne in een barak sonder dat hulle van mekaar geskei is. Daar is geen mediese dienste nie en tering neem vinnig toe.

### OUERLOSE KINDERS

**Die mees tragiese kant van die verhaal is die vlug van duisende kinders uit die Ooste nadat hulle ouers uit die gebied geskop en van hulle geskei is. Die afgelope winter het net in een maand nie minder nie as 5,000 herberglose en vriendelose kinders oor die Duitse grens gestrompel om na hul ouers in Duitsland te soek.**

In Westfalen alleen word die getal rondlopende kinders op 15,000 gestel. Dit is vanselfsprekend dat jeugmisdaad grootliks vermeerder word deur hierdie toestande. Ook die godsdiens het baie weinig invloed meer op hierdie mense.

**Tot hierdie getalle was die Smutsbewind tot aan sy val nog vasberade om 'n paar honderd siele uit Suid-Afrika by te voeg.**

## Honger



**Toonbeeld van die ellende in Duitsland is hierdie vroue en kinders op die dak van 'n trein in hul soektog na 'n bietjie kos.**

## TOEWYSING VAN SETELS

**Samesprekings in verband met die indeling van kiesafdelings tussen die H.N.P. en die Afrikanerparty vir die aanstaande provinsiale verkiesings, sal waarskynlik binnekort tussen die twee partyleiers plaasvind, volgens Die Vaderland berig.**

# REGERING VERSTERK POSISIE IN SENAAT

**Die regering het alle politieke waarnemers verlede week verras met sy onverwagte aankondiging dat die senaat ontbind word en dat 'n nuwe senaat kort voor 6 Augustus, wanneer die nuwe parlement byeenkom, saamgestel sal word.**

Dit is onwaarskynlik dat die regering deur die nuwe samestelling 'n meerderheid in die senaat sal hê maar hy word hierdeur in staat gestel om sy posisie aansienlik te versterk. Die hersamestelling sal op 29 Julie plaasvind.

Die ontbinding raak nie die vier naturelle verteenwoordigers nie waarvan daar tans net drie is as gevolg van een vakature. Die nuwe senaat sal dus uit 43 lede bestaan. Volgens die nuwe samestelling sal daar, na verwag word, 21 ondersteuners van die regering wees teenoor 22 ondersteuners van die opposisie. Vir die regering is dit natuurlik geen meerderheid nie maar dit is 'n baie voordeliger toestand as in die ou senaat waar daar slegs 14 regeringsondersteuners was teenoor 29 teenstanders.

Wanneer daar nou 'n gesamentlike sitting van die volksraad en senaat moet plaasvind, sal die regering oor 'n klein meerderheid beskik.

### VYFDE WIEL

**Die senaat is inderdaad 'n lastige vyfde wiel aan die wa van ons landsbestuur. Daar dit normaalweg wetgewing presies op dieselfde partylyne bespreek en beslis as die volksraad, is dit 'n duur oorbodigheid. 'n Tweede kamer waarin die beroepe verteenwoordiging het en dus 'n deskundige bydrae tot die landsbestuur kan lewer, sal baie meer volksverteenwoordigend wees as die huidige met sy verdubbelde partyverteenwoordiging.**

## LEWENSKOSTE AANGEPAK

In 'n poging om die stygende lewenskoste omlaag te dwing het die regering maatreëls uitgevaardig waardeur bestaande winsgrense verlaag word en strenger toepassing van prys beheer van krag word. Die raak veral klere, stukgoedere, motors en motorfietse. Items soos voedsel en huur wat 'n groot rol speel in die lewenskostesyfer, is egter nog nie ingesluit nie.

Waar die laagste winsgrens op stukgoedere voorheen 17½ persent was, is dit nou op 15 persent vasgestel. Daarteenoor is die hoogste wingrens wat nou toegelaat word 30 persent in vergelyking met die vorige winsgrens van 35 persent. Die vermindering van winsgrense raak groothandelaars sowel as kleinhandelaars.

Tot dusver was daar hoofsaaklik gunstige reaksie op die poging van die regering om die lewenskoste te beveg.

## *Nuwe Veldtog Teen Godsdiens*

„Daar is geen plek of taak vir God in die heelal nie", so het die Rus Guryev onlangs in 'n boodskap aan die Russiese jeug verklaar, berig Review of World Affairs.

Die blad verklaar dat daar in Rusland 'n nuwe veldtog teen die godsdiens van stapel gestuur word. Daar word nadruk op die materialisme gelê en dat daar niks „bonatuurliks" in die wêreld is nie.

# „Ondraaglike Las"

Verv. van bls. 1 kol. 5.

**toestand van die fonds selfs meer afwesig was as in die dae van die Kolonie.**

### „BLOEIENDE TOESTAND"

In 1920 is die aftreevoordele van onderwysers verhoog, maar geen addisionele bydraes is aan die pensioenfonds gemaak nie, met verdere rampspoedige gevolge. **„Ek twyfel of enige van die verantwoordelike amptenare of die Administrasie dit besef het", het die rekenmeester gesê. Die fonds is selfs deur 'n verantwoordelike persoon indertyd as synde „in 'n bloeiende toestand" beskryf!**

In 1925 is die fonds vir die eerstemaal aktuarieel gewaardeer en 'n tekort van ongeveer £2½ miljoen is aan die lig gebring. Sedertdien het elke vyfjaarlikse waardering 'n groter tekort aangetoon waarvan die laaste, naamlik op 31 Desember 1947, op £10,128,000 gestel is.

**Die O.B. is meegedeel dat as gepoog sou word om die tekort met jaarlikse paaiemente te delg, die bedrae wat daarvoor nodig is, so groot sal wees dat die uitbreiding van noodsaaklike dienste aan onderwys, hospitale en paaie ernstig ingekort so nie volkome stopgesit sal word nie. En die enigste doel wat dan bereik sal word, is om vir die volgende vyf-en-twintig jaar of meer die belastingbetalers met 'n las te besorg wat hul vaders behoort te gedra het.** Hierdie las sal hulle vir vyf-en-twintig jaar of meer moet verduur ten einde hul kinders daarvan vry te stel.

**Hoe groot hierdie las is kan besef word as in aanmerking geneem word dat meer as £400,000 jaarliks onmiddellik uit staatsinkomste nodig is om te verhoed dat die tekort nog groter word, om nie eens aan die afbetaling daarvan te dink nie! Hierdie bedrag is bykans die totale jaarlikse ontvangste wat persoonlike belastings oplewer.**

## *Regering Se Besluit Oor Deportasie*

**Handelende op aanbeveling van die Kommissie van ondersoek het die regering na oorweging besluit om die deportasiebevel ten opsigte van 51 Duitsers nietig te verklaar en ten opsigte van die oorblywende 196 word die deportasie opgeskort hangende 'n ondersoek na die vraag of daar prima facie bewys is dat hulle staatsgevaarlik is of geweld of ondermyning gepleeg het. In geen geval, so lui die aankondiging, sal persone gedeporteer word nie sonder 'n billike ondersoek ooreenkomstig die beginsels van natuurlike geregtigheid.**

# *SPANNING NEEM TOE IN BERLYN*

Die optrede van die Russe in Berlyn waar die Ooste en Weste die stryd uitspook om seggenskap oor Europa, het die Duitse bevolking opnuut in die harnas geja teen die Russiese Kommunisme, blykens berigte uit Berlyn.

Die houding van die Duitsers word weerspieël deur die woorde van die Sosiaal-Demokratiese leier in Berlyn: „Ons sal die Russiese ambisies dwarsboom met ons eie liggame, selfs al moet ons op dié wyse vernietig word." Intussen word die Duitsers in die Westelike sektor van Berlyn in toenemende mate geteister as gevolg van die Russiese blokkade in die Duitse hoofstad.

### NOTA

Die Westerse moondhede het die afgelope week 'n nota aan Rusland gestuur waarin gevra word dat hy die blokkade onmiddellik beëindig. Hierop het Rusland met ons ter perse gaan nog nie geantwoord nie. Die Russe het egter met 'n beskuldiging teen die Amerikaners voor die dag gekom dat hulle Berlyn gebruik as vesting om op die Russe te spioeneer.

Daar is geen aanduidings dat Amerika van voorneme is om Berlyn te ontruim nie. Churchill het gedurende die naweek verklaar dat die Westerse demokrasieë die Duitsers in Berlyn nie in die steek sal laat nie.